



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

Lestitel: Die Tien Gebooie

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les “**Die Tien Gebooië**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Die Tien Gebooie
Lesdoelwit	Die gepastheid van die Tien Gebooie vandag. Ons optrede moet ons liefde vir God en ons medemens weerspieël.
Bybelwoord	Eksodus 20

Lesopsomming:

Die Tien Gebooie
<ol style="list-style-type: none">1. Ek is die Here jou God. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.2. Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik nie ongestraf laat bly nie.3. Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.4. Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng kan word in die land wat die Here jou God aan jou gee.5. Jy mag nie doodslaan nie.6. Jy mag nie egbreek nie.7. Jy mag nie steel nie.8. Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.9. Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie.10. Jy mag nie jou naaste se vrou, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of enigiets wat jou naaste s'n is, begeer nie.
<p>Agtergrond:</p> <p>God het aan Moses die tien gebooie op die berg Sinai gegee. God het die gebooie aan die volk Israel gegee om daarvolgens hul verhouding met Hom te vestig en om 'n goeie verhouding met ander mense te hê.</p> <p>Dit het duisende jare gelede gebeur. Is die gebooie vandag nog relevant? Moet dit vandag nog ons gedrag beïnvloed en vorm? Kom ons ontleed elke gebod en die gepastheid daarvan?</p>



Die Tien Gebooe

1 *Ek is die Here jou God. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.*

Die eerste gebod beteken dat God die Here is oor alle dinge.

Alleen Hy wat die skepper van alle dinge is, is waardig om te aanbid. Ons eer God uit liefde. Ons aanvaar God soos Hy aan die wêreld verskyn het: in Jesus Christus. Ons maak nie 'n god van mag, geld, afgode en selfs onself nie. Ons erken nie gode in standbeelde, bome of ander natuurverskynsels nie.

2 *Jy mag die Naam van die Here u God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.*

Ons moet alle dinge wat met God en sy Naam verband hou, heilig hou.

Dit geld vir wat ons dink, praat en doen! Selfs die sorgelose gebruik van die name “God, Jesus Christus of Heilige Gees” in los praatjies of grappies, is 'n oortreding van hierdie gebod.

3 *Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.*

Vir Christene is die sabbat 'n Sondag (die dag waarop Jesus Christus opgewek is).

Ons sit een dag in die week opsy om God te aanbid en ons gedagtes besig te hou met sy woord. Die Sondag behoort 'n dag van rus en 'n dag van viering vir die siel te wees. Ons hou die Sondag heilig deur God te aanbid in dienste en te handel volgens die woord wat ons tydens die dienste ontvang.

4 *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.*

Toon respek en waardering aan jou ouers.

Dit is die enigste gebod wat 'n beloning inhou. Dit is vir alle mense van alle ouderdomme om respek en waardering teenoor hul ouers te betoon. Dit is kinders se plig om ongeag hul ouderdom, hul ouers te eer. Die belofte van 'n 'lang lewe' is 'n uitdrukking van God se seën en word in geestelike gawes uitgebeeld.



Die Tien Gebooe

5 *Jy mag nie doodslaan nie.*

Die lewe word deur God gegee. Hy alleen is Here oor lewe en dood.

Geen mens het die reg om 'n lewe te neem / te beëindig nie. Ons het 'n plig om die menslike lewe te beskerm en te bewaar. Hierdie gebod is van toepassing op aborsie, selfmoord, dood in selfverdediging, dood in oorlog, die doodstraf en aktiewe genadedood.

6 *Jy mag nie egbreek nie.*

Huwelikspare moet hulself in getrouheid aan mekaar toewy.

In beginsel pleeg enige getroude persoon wat seksuele omgang het met iemand anders as sy / haar gade, of enige ongetroude persoon wat seksuele omgang met 'n getroude persoon het, owerspel.

7 *Jy mag nie steel nie.*

Dit is verbode om die goedere of besittings van 'n ander persoon te neem.

Hierdie gebod dek uitbuiting, korrupsie en bedrog. Ons moet ook nie ons "naaste" (medemens) van hul eer en reputasie beroof nie en ook nie hul menswaardigheid aantast nie.

8 *Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.*

Valse getuies is 'n onwaar verklaring (eenvoudig gestel) met betrekking tot iemand anders.

Ons moet eerlik optree en praat. Wit leuens, halwe waarhede en uitsprake wat ten doel het om die ware feite te verberg, sowel as beledigings, is almal skendings van hierdie gebod. Ook spog, oordrywing, skynheiligheid, verspreiding van gerugte en vleiere is alles uitdrukkings van onwaarheid.



Die Tien Gebooe

9 *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie.*

10 *Jy mag nie jou naaste se vrou, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os, of sy esel, of enigiets wat jou naaste s'n is, begeer nie.*

Die 9de en 10de gebooe word dikwels in een saamgevat omdat dit nou met mekaar verband hou. Begeerte - sondige wellus - as jy dit wat vir 'n ander persoon dierbaar en waardevol is, begeer. Begeerte kan ontwikkel tot jaloesie, gierigheid en afguns, en dit is vernietigende emosies. Ons word beveel om selfbeheersing uit te oefen en met ons optrede 'n reine hart te vertoon.

In die algemeen is gebooe, wette en reëls daar om ons te beskerm en veilig te hou. Dit lei ons in ons optrede en ons gedrag. Dit leer ons hoe om 'te wees' om 'n goeie lewe hier op aarde te hê en ons voor te berei op 'n ewige lewe.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- In die Tien Gebooe spreek God alle mense aan.
- Dit wys ons hoe om ons verhouding met God en ons medemens te bou.
- Uiteindelik moet ons toelaat dat die gebooe van God ons gedrag lei en beïnvloed.



Interessante inligting oor die Tien Gebooe:

1. Hulle word nie die “tien gebooe” van Moses genoem nie. In die Bybel is die term wat in die oorspronklike tale gebruik word, “tien woorde;” ook bekend as die “Dekaloog”.
2. Die eerste vier gebooe verwys na hoe die mensdom met God moet omgaan; die laaste ses verwys na hoe die mensdom met mekaar moet omgaan. Die groot gebod van Jesus (“Wees lief vir die Here jou God met jou hele hart”) - eerste vier gebooe (“en wees lief vir jou naaste soos jouself”) - die laaste ses gebooe.
3. Slegs een van die gebooe het 'n gepaardgaande spesifieke seën - die vierde, "Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee."
4. Die gebod wat die meeste gebreek word, is waarskynlik die tweede. Die frase “Ag, my God” is om die naam van God ydellik te gebruik, wat spesifiek verbied word. Mense sê dikwels “Jesus” of “Jesus Christus,” en in ons moderne tyd gebruik ons dikwels die uitdrukking “OMG”. Belangriker nog, die tweede gebod is die enigste gebod wat 'n bedreiging van 'n straf inhou. Die Bybel sê egter nie wat die straf is nie.
5. Tien is 'n algemene getal in die Bybel om 'n voltooide stel aan te dui - soos tien plae van Egipte, tien maagde in die verhaal in die Nuwe Testament, tien melaatses wat genees is, en so meer.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen